education

Department of Education
FREE STATE PROVINCE

# AFRIKAANS HUISTAAL

## GRAAD 12

## GEMEENSKAPLIKE VRAESTEL

## VRYSTAAT

**Junie 2018** **VRAESTEL 2**

**PUNTE: 80** **TYD: 2½ UUR**

Hierdie vraestel bestaan uit 28 bladsye

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op bladsy 4 en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy in die klas behandel het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die soort vraag wat jy wil doen.

3. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Gedigte (30)
   AFDELING B: Roman (25)
   AFDELING C: Drama (25)

4. Beantwoord VYF vrae in totaal: DRIE uit AFDELING A, EEN uit AFDELING B en EEN uit AFDELING C.

   **AFDELING A: GEDIGTE**
   Voorgeskrewe gedigte – Beantwoord TWEE vrae.
   Ongesiene gedig – Beantwoord die VERPLIGTE vraag

   **AFDELING B: ROMAN**
   Beantwoord EEN vraag.

   **AFDELING C: DRAMA**
   Beantwoord EEN vraag.

5. **KEUSE VAN VRAE VIR AFDELING B (ROMAN) EN AFDELING C (DRAMA)**

   - Beantwoord SLEGS die vrae oor die roman en drama wat jy in die klas gedoen het.
   - Beantwoord EEN LITERÊRE OPSTEL en EEN KONTEKSTUELE VRAAG. As jy die literêre opstel in AFDELING B beantwoord, moet jy die kontekstuele vraag in AFDELING C beantwoord. As jy die kontekstuele vraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die literêre opstel in AFDELING C beantwoord. Gebruik die kontrolelys om jou te help.

6. **LENGTE VAN ANTWOORDE**

   - Die lengte van die literêre opstel vir die gedig is 250–300 woorde.
   - Die lengte van die literêre opstel vir die roman en drama onderskeidelik is 400–450 woorde.
   - Die lengte van die antwoorde van die kontekstuele vrae word bepaal deur die puntetoekenning van elke vraag. Beantwoord jou vrae bondig en relevant.

7. Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.

Kopiereg voorbehou 

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Beantwoord ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

10. Voorgestelde tydsindeling:

    AFDELING A: ongeveer 40 minute
    AFDELING B: ongeveer 55 minute
    AFDELING C: ongeveer 55 minute

11. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

**INHOUDSOPGAWE**

**AFDELING A: GEDIGTE**

**Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae.**


| VRAAGNOMMER | VRAAG | PUNTE | BLADSY |
|---|---|---|---|
| 1. ‘eerste worp’ | Literêre opstel | 10 | 6 |
| 2. ‘besoekersboek’ | Kontekstuele vraag | 10 | 7 |
| 3. ‘oupa Thomas Daniel Granfield’ | Kontekstuele vraag | 10 | 8 |
| 4. ‘Nog in my laaste woorde’ | Kontekstuele vraag | 10 | 10 |


**EN**

**Ongesiene gedig: VERPLIGTE vraag.**


| | | | |
|---|---|---|---|
| 5. ‘Nou bid ek’ | Kontekstuele vraag | 10 | 11 |


**AFDELING B: ROMAN**

**Beantwoord EEN vraag.***


| | | | |
|---|---|---|---|
| 6. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Opstelvraag | 25 | 12 |
| 7. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Kontekstuele vraag | 25 | 12 |
| 8. *Manaka Plek van die Horings* | Opstelvraag | 25 | 14 |
| 9. *Manaka Plek van die Horings* | Kontekstuele vraag | 25 | 14 |
| 10. *Vatmaar* | Opstelvraag | 25 | 16 |
| 11. *Vatmaar* | Kontekstuele vraag | 25 | 17 |
| 12. Onderwêreld | Opstelvraag | 25 | 19 |
| 13. Onderwêreld | Kontekstuele vraag | 25 | 19 |


**AFDELING C: DRAMA**

**Beantwoord EEN vraag.***


| | | | |
|---|---|---|---|
| 14. *Krismis van Map Jacobs* | Opstelvraag | 25 | 22 |
| 15. *Krismis van Map Jacobs* | Kontekstuele vraag | 25 | 22 |
| 16. *Mis* | Opstelvraag | 25 | 24 |
| 17. *Mis* | Kontekstuele vraag | 25 | 24 |

***LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG uit AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

**KONTROLELYS**

Gebruik die kontrolelys hieronder om te kontroleer of jy al die nodige vrae beantwoord het.

| AFDELING | VRAAG-NOMMER | GETAL VRAE BEANTWOORD | MERK ✓ |
|---|---|---|---|
| A: Gedigte (Voorgeskrewe gedigte) | 1–4 | 2 | |
| A: Gedigte (Ongesiene gedig) | 5 | 1 | |
| B: Roman (Literêre opstel of kontekstuele vraag) | 6–13 | 1 | |
| C: Drama (Literêre opstel of kontekstuele vraag) | 14–17 | 1 | |

**LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG uit AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: GEDIGTE

## VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

### VRAAG 1: LITERÊRE OPSTEL

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vraag wat volg.

**Eerste worp – TT Cloete**

ons het nie ou katedrale en kastele nie,
geen breë riviere bevaarbaar vir groot skepe nie.
die min wolke wat ons het, is yl versprei.
ons het nie groot metropole nie.
ons is sonder groot donkergroen woude.
dun is ons geskiedenis met min groot name

soos beethoven of dante
of rembrandt of bramante

ons het min onwerklike sagte drome

maar ons het uitgestrekte woestyne
en krom grys bome wat houtbeen vasskop
in die droë sand en koets teen die son

ons het baie droë lope
en oerrivierbeddings met ou inheemse name
soos gourits en storievertelname soos skrij
of kameelsleep en lijersdraai

en baie reste naby aan die eerste worp

by wêreldseinde in die suisende stil nag
hoor jy die jakkalse se fossielskreeu
iewers tussen angstjank en primitiewe spotlag

[Uit: *uit die hoek van my oog*, 1998]

In hierdie gedig beeld die spreker die kontras tussen die Noordelike Halfrond en Suider-Afrika uit.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 250–300 woorde. **[10]**

**OF**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**besoekersboek – Fanie Olivier**

op die sel se mure het iemand uitgekrap
(of liewer: íngekrap): sy naam en al die dae
van sy duskantse verblyf. gaan mens op stap
deur duikweë stasies onder brûe bly draai die vrae

wie was dié peter? waar kom pam vandaan?
hoe het die vriendskap tussen brian en ed begin?
sou w.a.l. se ouers hom meer as normaal geslaan
het? hoe lank het lieb sy liesbet bly bemin?

ek loer na die hiërogliewe. ’n boer het my gewys
waar jagtonele oorgebly het teen die krans.
voor in die gideons se bybel is ’n lang lys
lesers wat hul teen sterflikheid probeer verskans.

’n kind hoes seer; ’n lam huil stomgemaak. ek skraap
moed bymekaar: ek was hier en hier het ek geslaap.

[Uit: *Skimmellig,* 1978]

2.1 Lees versreël 1 – 4

Hoe verander die spreker die betekenis van versreël 1 en 2 wanneer hy/sy die woord *uitgekrap* met *ingekrap* vervang? Noem TWEE plekke waar die verskillende karakters hulle name ingekrap het. (3)

2.2 Die vrae in strofe 2 kan ook universele betekenis hê.

Motiveer hierdie stelling. (1)

2.3 Wat is die funksie van die gebrek aan hoofletters in strofe 2? (1)

2.4 Lees versreël 9 – 12

Watter enkele woord dui aan dat dit nie vir die mens moontlik is om hom/haar teen verganklikheid te verskans? (1)

2.5 Die kind in versreël 13 is ’n simbool van die toekoms.

Waarom is die simboliek ironies? Dink jy die simboliek sluit by die tema van die gedig aan. (2)

2.6 Noem ’n betekenis wat *skraap* in versreël 13 kan hê? (1)

2.7 Waarom is die paradoks in reël 13 funksioneel? (1)

**[10]**

Kopiereg voorbehou 

**OF**

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**oupa Thomas Daniel Granfield – Ronelda Kamfer**

**1**

dis vandag my oupa Thomas
se verjaardag
dit sou gewees
het
hy is dood
toe ek in matriek was
dit is al wat ek regtig van
matriek kan onthou.

die oggend toe die telefoon lui
het my ma nie kom sê nie
sy en my pa het opgestaan
en is weg hospitaal toe

al die grootmense my oupa se kinders en hulle
mans en vrouens is hospitaal toe

ek wou saamgaan
ek wou net my oupa
belowe dat ek okay sou wees
dat ek eendag 'n boek gaan skryf
en hom nooit sal vergeet nie en
dat ek die liefste vir hom was

my ma het 'n paar uur later
gebel om te sê dat ek vir my en my suster moet kos maak
sy het niks gesê van my oupa nie
haar woorde het soos vlermuise om my gevlieg

ek het gewag vir iets
vir Pappa is dood
of dis verby of hy's oorlede
maar sy't aanhou praat oor kos
toe ek haar uiteindelik stop en vra
het die vlermuise aanhou vlieg

"ja, vroeg vi-oggend"

**2.**

die swaarste vir my was nie dat my oupa dood was nie

Kopiereg voorbehou

maar
dat die aarde aanhou draai het
dat ek aanhou leef het
dat alles wat verkeerd was nog steeds verkeerd is
dat ek kon slaap en wakker word
matriek slaag en aan ’n toekoms dink
die ergste van alles was dat ek alles kon doen wat
ek moes doen
en al wat ek regtig wou doen was om te huil
ek wou dae aaneen huil
ek wou sy leeftyd uithuil
ek wou huil vir wie hy was en vir wie hy kon wees
ek wou huil oor die onregverdigheid
en ek wou huil omdat hy regtig lief was vir my
en omdat ek geweet het dat hy lief was vir my.

3.1 Waarom is dié gedig ’n elegie/lykdig/treurdig? (1)

3.2 Lees versreël 1 – 8.

Gee twee afsonderlike redes wat daarop dui dat die spreker se oupa baie vir haar beteken het. (2)

3.3 In versreël 24 word beeldspraak aangetref. Benoem die beeldspraak en verduidelik die betekenis daarvan. Waarom is die beeld om die spreker se gevoel op daardie oomblik oor te dra, geslaag?. (3)

3.4 Waarom is die tipografiese plasing van versreël 31 effektief? (1)

3.5 Wat was vir die spreker die ergste van haar oupa se dood? (2)

3.6 Die vryeversvorm van die gedig ondersteun die gedagtegang van die spreker?

Motiveer die stelling. (1)
**[10]**

**OF**

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Nog in my laaste woorde – N.P. van Wyk Louw)**

Nog in my laaste woorde sal jy wees,
nog in die laaste skeemring van my dink
en weet, as ek alleen in die bitter vrees
van sterwe lê, en al die mindre sink
in my deur vaal vergetelheid: veel haat,
veel liefde wat kon waag om min te vra,
ure wat rus geken't, of blote daad,
en nie die teken van jou onrus dra,
o jy wat vlam was: skoon en sterk en blind
vir smart; wat alles tot jou beeltnis brand;
wat áls kon eis en nooit volkome vind
versadiging! Dán weet ek het jou hand
my jeug se oopgelate kring voltooi:
mooi is die lewe en die dood is mooi.

[Uit: *Die stil avontuur*, 1939]

4.1 Wie is die aangesprokene in die gedig? (1)

4.2 Watter enkele woord dui aan dat die aangesprokene die middelpunt van die spreker se bestaan is en watter stylmiddels beklemtoon dié woord verder? (3)

4.3 Lees die onderstreepte woorde in versreël 2 – 3.

Waarna verwys hierdie woorde? (1)

4.4 Lees versreël 4 – 9.

Noem TWEE dinge wat, die spreker vermoed, van mindere belang sal wees tydens die sterwensuur? (2)

4.5 Wat dink jy is na aanleiding van die gedig tydens die sterwensuur belangrik? (1)

4.6 Wat sal die spreker se "bitter vrees van sterwe" (versreël 3 – 4) meer draaglik maak? Verwys in jou antwoord na versreël 12 – 14. (1)

4.7 Waarom dink jy is die omgekeerde woordorde in die gedig funksioneel? (1)

**[10]**

**EN**

## ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)

## VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Nou bid ek – Matthew Phosa**

God, help my, ek swem in ongeregtigheid,
in sondes is ek gebore.
My geloof laat my daagliks in die steek:
ek wil, maar ek kan nie altyd nie.

Hooghartig is ek teenoor my medemens
U weet hoe ek teen hulle diskrimineer
omdat hulle te minderwaardig is.
God, help my, ek is 'n sondaar.

Die genade wat ek daagliks van U vra, het ek nie,
want ek gryp, skop en spoeg in hul gesigte.
Al wat ek afstaan, is krummels
wat hulle moet opraap om te oorleef.

My hart het lankal verklip,
ek lê nie meer wakker oor my sondes nie.
Daarom vra ek 'n sagte en wyse hart
om menslik teenoor my mense op te tree.

[ Bron: *onbekend*]

5.1 Watter woord in die titel dui aan dat die spreker al dikwels (moontlik tevergeefs) probeer het om meer gelowig te wees? (1)

5.2 Haal TWEE opeenvolgende woorde uit die eerste strofe aan wat bewys dat dat die digter die begeerte het om gelowig te wees. (1)

5.3 Noem TWEE ongeregtighede waaraan die spreker hom skuldig maak en wat pla hom moontlik die meeste van sy sonde? (3)

5.4 Wat wil die spreker in versreël 9 vir die leser sê? (1)

5.5 Lees versreëls 13 – 16.
Benoem en verduidelik die beeldspraak in die versreëls. (2)

5.6 Te oordeel aan hierdie gedig, dink jy dat die spreker se hart werklik verklip het? (1)

5.7 Dink jy die gebruik van die enjambement in versreëls 15 – 16 is funksioneel? Motiveer jou antwoord. (1)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Kopiereg voorbehou

**AFDELING B: ROMAN**

Beantwoord EEN vraag oor die letterkundeteks wat julle in die klas gedoen het.

***DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker**

Beantwoord ÓF VRAAG 6 (literêre opstel) ÓF VRAAG 7 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 6: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – LITERÊRE OPSTEL**

Iris ontvlug in haar eie wêreld – 'n fantasiewêreld.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400–450 woorde. **[25]**

**OF**

**VRAAG 7: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A**

"Sê my net een ding," het Peter gevra toe ons weer alleen was. "Waarom, waarom het jy daardie aand saam met my gegaan?"

"Dis moeilik om te verduidelik," het ek gesê. "'n Karakter in een van my stories se naam is Peter en toe jy ..."

"Storie? Watse storie? Skryf jy stories?"

"Nee. Ek dink hulle uit."

Hy het deur sy hare gevee sodat hulle regop gespring het om die twee kroontjies. "En ek is deel van so 'n versinsel?"

"Nee." Ek het begin eet. "Dis juis my punt, jy is nie."

Hy het sy vurk in sy pasta begin draai. "En as ek jou nou weer sou vra?"

"Ek sal weer saamgaan. Maar jy het nie meer jou woonstel nie. Paula het my vertel."

Hy het sy vurk neergesit en die kelner nader gewink. "'n Vriend het syne vir my geleen terwyl ek in die stad is. Het jy 'n motor?"

Ek het my baadjie en handsak opgetel en agter hom aangeloop ...

"Waar is die engel wat altyd my hand vashou?" het ou meneer Bruwer vir hom gevra toe ek weer laat was.

"Hy noem jou 'n engel," het dokter Anders gegrom toe ek uiteindelik opdaag.

"Dis omdat hy benoud word wanneer jy so in sy mond grou," het ek verduidelik. ...

"Wat ook al," het hy gesê. "Ek wens die laatkommery wil nou end kry."

"Dit sal," het ek gesê. "Dis klaar verby."

Kopiereg voorbehou

7.1 Na watter aand verwys Peter in reël 2? (1)

7.2 Herlees reël 10.

Wat sê Iris later in die roman (nie reël 10 nie) van Peter as versinsel? (1)

7.3 Wat neem die leser met die lees van Teks A waar ten opsigte van die kommunikasie tussen Peter en Iris? Bewys jou antwoord met ander voorbeelde uit die roman. (2)

7.4 Herlees reël 18–19.

Uit hierdie reëls kan ons ’n afleiding maak oor Iris se karakter. Wat is die afleiding wat ons kan maak? Noem nog TWEE voorbeelde in die roman waar sy hierdie karaktertrek openbaar. (3)

7.5 Bewys met ’n woord uit Teks A dat Iris die verteller is en sê hoekom hierdie soort verteller vir dié roman geloofwaardig is. (3)

7.6 Sowel meneer Bruwer as Iris koester verwagtinge van hul “engele”.

Wie was hul onderskeie engele en gee ’n rede hoekom hulle verwagtinge van hulle engele vervul is of nie? (4)

7.7 Hoekom is die laatkommery in reël 28 *klaar verby*? (1)

**EN**

**TEKS B**

Die Engel het hy aanvaar omdat die Engel nie opdringerig is of my tyd in beslag neem nie, maar as ek by Die Spieël wil aansluit, moet ek my koffers pak. Ek het belowe ek sal dit in gedagte hou. Om te moet kies tussen Peter en die voorvadergeeste is geen keuse nie.

Dit is nou laatsomer en ek en Johanna sit saam op ons kombuisstoeltjies in die hoek van die skadutuin. Dis halfsewe en ons hou die lelie dop. Toe ek nou-nou opkyk, het ek Die Engel deur die ondertuin sien sweef. Hy hou daarvan om laatmiddae in die tuin te wees. Miskien kommunikeer hy met die plante of versterk hy sy onsterflike siel sodat hy krag het vir ons latere argumente. Ek weet nie.

“Dan sal ons seker maar so saam oud word,” sê Johanna vir my toe sy met ’n steun langs my kom sit.

“Jy word vet,” sê ek. “Jy gaan nie ou bene maak as jy nie oppas nie.”

“Ek is gesond vir my jare,” sê sy gebelg.

Ek sit my hand op haar knie om te wys ek bedoel dit nie regtig nie en Polder kyk van die een na die ander en dan na die lelie wat met bultende knop roerloos voor ons staan.

“Ek hoop nie hy’s laat nie,” sê Johanna. “Ek wil nie die kos vir Peter verbrand nie.”

“Wees geduldig,” sê ek. “Dis amper tyd.”

Kopiereg voorbehou 

7.8 Hoe verskil Peter se houding teenoor Iris se fantasiewêreld in Teks A van dié in Teks B? (2)

7.9 Iris se ma het wel as karakter ontwikkel. Gee ’n rede uit die teks om die stelling te staaf. (1)

7.10 Iris en die Engel bots oor Peter. Wat is die rede vir dié botsing? (1)

7.11 Vergelyk Iris se aanvanklike siening van haar blomtyd met haar siening in Teks B en haal ’n frase uit reël 18–23 (Teks B) aan om jou antwoord te staaf. (3)

7.12 Is dit moontlik dat die ruimte in Teks B kon bygedra het om van Iris ’n selfversekerde vrou te maak? Motiveer jou antwoord. (2)

7.13 Sou jy die slot van die roman as geslaagd beskou? Motiveer jou antwoord. (1)

**[25]**

**OF**

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse**

Beantwoord ÓF VRAAG 8 (literêre opstel) ÓF VRAAG 9 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 8: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – LITERÊRE OPSTEL**

In die roman *Manaka plek van die Horings* het die onderskeie ruimtes ’n invloed op Baas en sy lewe. Dit bereik voltooiing op Manaka.

Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 400 – 450 woorde **[25]**

**OF**

**VRAAG 9: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

**TEKS C**

Nanna roep na meneer Johnnie.

“Yessa!" skreeu hy in die rigting van die worsboom.

Hy klap vir Baas hande. Sy bene hoepel teen die *bult* af.

"Kwê ... " toets die kwêvoël in die jakkalsbessie die atmosfeer.

"Ek sal baie graag vir jou 'n gebed wil doen, neef." ,

"Vir my?"

"Daar kom 'n tyd in elke mens se lewe dat hy dit nodig het."

"Ag nee, wat, so erg is dit nie. Maar baie dankie vir die gedagte." Baas sien die skoene van hom af wegdraai.

"Muluti Malila huil oor jou," hoor hy Grace sê.

"Miskien huil hy oor homself." Baas roer nie. Hy kantel sy kop en maak weer sy oë toe .

“As 'n mens oor iemand anders huil, dan huil jy eintlik - oor jouself ook." Grace klim van die bak af.

Die moerasfiskale roep. “Priscilla en Akwilla *..”* sê sy “Dis die name wat ek vir daardie twee voëls gegee

Kopiereg voorbehou

het. Dit was toe jy siek was, in die tyd toe ek in jou huis gesit en wag het dat jy jou oë moet oopmaak. Dis 'n goeie naam vir hulle. Hulle is nooit vêr van mekaar af nie."

Die moerasfiskale hou op roep. Die kinders se gejil bedaar, Van die worsboom se kant af kom kitaarklanke. ’n Heldersoet stem begin uit die note vloei. "Amazing grace, how sweet the sound, that saved a wretch like me," sing Nanna. "I once was lost but now I'm found, was blind but now I see."

9.1 Vanuit watter vertellersperspektief word Manaka vertel, en wat is die voordeel hiervan? (2)

9.2 Herlees reël 6 – 11.

Dink jy Baas se weiering om vir hom ’n gebed te laat doen, is geloofwaardig? Motiveer jou antwoord met TWEE redes uit die roman. (2)

9.3 Herlees reël 10 – 14.

Na wie word verwys as “die skoene draai van hom weg”? Wat is die verband tussen hierdie persoon en Baas se soektog na ware Christenskap? Wie het veral ’n antwoord in hierdie soeke gegee, en wat was die antwoord? (4)

9.4 Herlees reël 10 – 14.

Wat, impliseer Grace, is moontlik Muluti Malila se rede dat hy oor Baas huil? Wat kan jy uit Baas se antwoord oor sy houding aflei? (3)

9.5 Watter duidelike parallel is daar tussen die moerasfiskale in reël 17 en Baas en Grace? Watter vroeëre opmerking van Nanna oor Baas en Grace sluit hierby aan? (2)

9.6 Watter stemming bring die geroep van die moerasfiskale in reël 4 en die gesing van *Amazing Grace* onderskeidelik? (2)

**EN**

**TEKS D**

"Ons net al hieroor gepraat," sê hy beheers. "Ek is nie in Barotseland om welsynswerk te kom doen nie."

"Moenie weer kwaad word nie." Grace klap verskonend haar hande.

"Ek is nie kwaad nie." Hy vryf oor die verweerde stuk kakebeen voor hom op die grond. "Goed, ek is kwaad. Ek sal jou 'n storie vertel. Van 'n skoenlappervanger wat van Kanada af gekom en nege en twintig jaar in Afrika gebly het. Toe ek ’n kind was, het ek hom in my gedagtes gewed dat ek vir hom die skoenlapper sal kan vang wat hy nooit gekry het nie."

Kopiereg voorbehou
Blaai om asseblief

> "Dit is ’n mooi storie." Grace trek met haar vinger patroontjies in die sand. "Het hy jou ooit gesê na watter soort skoenlapper hy gesoek het?" Sy vryf haar hande teen mekaar, haar gesig effens na die grond gedraai, maar haar oë steeds op hom.
>
> "Ek het nooit die kans gehad om hom te vra nie." Baas kyk onder die worsboom se takke deur na sy boot hoog op die stellasie. "Hy is dood voor ek gebore is."
>
> "Dit sou goed gewees het om die skoenlappervanger te kon ken." Sy staan op. "Nou sal ek eers vir die skoonma van my oorlede pa se suster 'n blikkie vis gaan uithaal.

9.7 Herlees reël 1 – 4.

Watter optrede van Baas in die roman staan in kontras met sy woorde in hierdie reëls? (1)

9.8 In reël 2 verwys Baas na welsynwerk.

Wat beteken dit binne die konteks van hierdie uittreksel? Noem TWEE redes waarom Baas aanvanklik na Barotseland gekom het? (3)

9.9 Watter boodskap wil die skrywer hier by die leser tuisbring deur Baas se gemoedstoestand uit te beeld? (1)

9.10 Herlees reël 7 – 12.

Baas vertel Grace van sy droom. Wat lei jy hieruit omtrent hulle verhouding af? (1)

9.11 Noem TWEE simboliese skoenlappers wat Baas vir sy oupagrootjie gevang het. (2)

9.12 Watter bynaam kry Dennis Chipman in Barotseland, en dink jy hierdie bynaam is geregverdig? (2)

**[25]**

***VATMAAR* – AHM Scholtz**

Beantwoord ÓF VRAAG 10 (literêre opstel) ÓF VRAAG 11 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 10: LITERÊRE OPSTEL**

***VATMAAR* – AHM Scholtz**

Die karakters se leefwyse in *Vatmaar* is een van toeëiening.

Bespreek hierdie stelling in ’n literêre opstel van 400–450 woorde. **[25]**

**OF**

## VRAAG 11: KONTEKSTUELE VRAAG

***VATMAAR* – AHM Scholtz**

Lees die uittreksels hieronder deeglik deur en beantwoord dan die vrae.

**TEKS E**

And take this letter to Mister Keely – the surveyor next to the firebuckets.

Mister Keeley het vir my gesê: Hope you can work when you are drunk, for you are all the same. Be here on Thursday at eight o'clock sharp! – en hy het na die vloer gewys.

Ons sou ons pay vir die eerste maand kry net voor die tyd wat genoem word die Paasnaweek. Die Goeie Vrydag, Saterdag, die Paassondag en die Paasmaandag – vier volle dae om George en Ruth se troue te vier.

George het 'n hele maand vooraf gehad om dinge reg te kry, maar die tyd was min. Ek het op 'n keer vir hom gesê: George, vir wat vat jy haar nie net en woon met haar saam soos man en vrou nie?

Hy kan, het hy gesê. But I don't want to. If I love Ruth as I think I do, I must also respect her and her family.

Ek het hom toe maar vertel dat ons die volgende dag ons mate by die kleremaker, Moosa Keppie, moes laat neem en sommer ook moes kyk of die swart materiaal vir ons pakke al gekom het.

Alles het uitgewerk en 'n paar dae voor die troue was die pakke reg.

Ruth se ouers was baie arm. Toe het ek stilletjies met een van haar tantes afgespreek dat ek vir haar geld sal gee om vir Ruth trouklere te koop.

11.1 Watter indirekte rol het die *Queen* gespeel om Oom Chai en George Lewies bymekaar uit te bring? (1)

11.2 Hoe het die besoek van Oom Chai en George Lewies aan mnr. J Walker 'n aandeel in die stigting van Vatmaar gehad en watter rol het George Lewies in die stigting gespeel? (2)

11.3 *... you are all the same ...*

Teen watter agtergrond speel die roman af? Is mnr. Keely se woorde teen dié agtergrond geregverdig? Noem 'n gevolg wat uit hierdie stereotipering gespruit het. (3)

11.4 Herlees reël 11–12.

Dui die verband tussen Oom Chai se woorde in dié reëls en die titel van die roman aan. (2)

11.5 Ta Vuurmaak het Oom Chai skelm-slim genoem.

Kopiereg voorbehou 

Watter optrede van Oom Chai in Teks E staan in kontras met bogenoemde uitspraak? (1)

11.6 In reël 13–14 is dit duidelik dat George Lewies vir Ruth respekteer.

Wat is die gevolg daarvan vir George Lewies ten opsigte van ’n woonplek in Du Toitspan en watter tema sou na vore gekom het indien hy nie vir Ruth respekteer het nie? (2)

11.7 Wat is die voordeel van die tipe verteller in Teks E? (1)

**EN**

**TEKS F**

Oom Chai het ’n groot begrafnis gehad. Die hele Vatmaar het uit die werk uit gebly en daar het ook baie mense van Du Toitspan af gekom. Dit was die eerste begrafnis op Vatmaar met mouterkarre in die stoet agter Ou Swaai en die trollie met die kis en Oom Flip op, nou self ’n oupa. Die domanie van die groot kerk in die Pan het die begrafnisdiens gehou.

Bettie het daar gestaan met klein Job in haar arms, ’n niks. Nou en dan het sy ’n skewe kyk gekry van die mense wat na die kis gekyk het, en dan vir haar.

Net Boitjie Afrika het haar treur en alleenheid met haar gedeel. Hy het klein Job by haar gevat en hom gesoen en gesê: Moenie worry nie, my darling.

Hulle was die laaste om die graf te verlaat. In al die tyd het sy nie ’n traan laat val nie. Nou rol haar trane. Sy sit haar kop op Boitjie se skouer. Hy sê: Huil jou uit, my cheri. Sy tel haar kop op, hy vat sy sakdoek en vee haar trane af so saggies soos hy kan. Toe gee sy hom ’n glimlag, haar eerste Vatmaar-glimlag, die soort wat alles sê. Dit trek tot in sy murg, sy heel eerste smaak van ware liefde. Hulle loop toe met die woorde van Sus Bet in hul ore: Alleen word jy gebore en alleen gaan jy dood.

Bettie kon nie weer in haar en Oom Chai se bed slaap nie. Dit was Boitjie wat eerste daarop gaan lê en gesê het: Bettie, my blom, kom lê hier langs my. Jou verlies is my wins.

11.8 Oom Chai se troue met Bettie was ’n daad van medemenslikheid.

Motiveer bogenoemde stelling met redes uit die roman en gee ’n voorbeeld hoe hy probeer het om die huwelik te laat slaag. Wat is ironies aan hierdie poging? (4)

11.9 In teenstelling met Oom Chai se groot begrafnis, het sy aansien in die gemeenskap na sy troue met Bettie gedaal.

Bewys hierdie stelling met voorbeelde uit die roman. (2)

11.10 Ruth is met George Lewies (Teks E) en Bettie (Teks F) is met Oom Chai getroud.

Kopiereg voorbehou 

Hoe verskil Ruth en Bettie se redes vir die huwelik en watter huwelik sluit by die tema van liefde oor kleurgrense aan? (3)

11.11 Die karakter Boitjie word aan die begin van die roman nie positief geteken nie.

Watter latere optrede van hom verander dié beeld? Wie het hom gehelp om hierdie beeld te verander en wat het hierdie persoon gedoen om groter waardigheid aan Boitjie te gee? (3)

11.12 Lewer kommentaar op die feit dat Bettie eers nadat almal by die begrafnis weg is, 'n traan gestort het. (1)
**[25]**

## ONDERWÊRELD – Fanie Viljoen

Beantwoord OF VRAAG 12 (opstelvraag) OF VRAAG 13 (kontekstuele vraag).

## VRAAG 12: ONDERWÊRELD – LITERÊRE OPSTEL

Greg se huismense (sy pa, ma en John) het 'n invloed op Greg se karakter en lewe.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 – 450 woorde. (25)

## VRAAG 13: ONDERWÊRELD – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

### TEKS G

Met die loper in my hand stap ek na Eckardt se kamer. Sluit dit oop, glip vinnig in, druk die deur toe en wag in die donker … Luister of iemand my gevolg het. Dis stil buite in die gang. Toe eers sit ek die kamerlig aan. Dit is die plek waar ek Ekk-0 se onderwêreld leer ken het.

Die kamer lyk nog net soos ek dit laas gesien het. So die polisie het nog niks kom vat nie. Daardie ou van die uniformtak het mos gesê hulle los dit vir die speurders. En húlle was nog nie hier nie.

Dit voel of iets my vasdruk. Dwing om te … wat? 'n Beeld van John se bleek hand, opgekrulde vingers flits deur my geheue.

Ek voel skielik naar. Dis die onbekende wat dit doen, weet ek. Die onbeantwoorde vrae. Soos die goed wat weggesteek word tussen HTML tags wat die websurfer nie veronderstel is om te sien op die webpage nie.

Ek gaan sit op die stoel voor die lessenaar. My kop draai.

Môre kom die Sondagkoerante uit. Dan sal ek sien wat daardie joernalis wat

Kopiereg voorbehou 

ek laat kom het, geskryf het. Wat sy alles uit die skool kon kry?

Ek voel beter, my oë kan weer fokus. Teen die muur hang die notabord wat ek daardie aand per ongeluk afgestamp het. Maar iets is anders aan die bord … die flentertjies papier, skoolrooster, studieprogram … Iets is weg. Iets is uit plek. Soek.

13.1 Wat is die verband tussen die verhaaltitel, *Onderwêreld*, en Eckardt se kamer? (1)

13.2 Waarom is Eckardt se kamer gesluit en moet Greg 'n loper gebruik om in te kom? (2)

13.3 Wat is die rede vir die verwysing na John in reël 8? (1)

13.4 Lees reël 10.

Gee enige twee onbeantwoorde vrae wat Greg skielik naar laat voel het. (2)

13.5 Greg se optrede om die joernalis te laat kom getuig van sy opstand teen Dok Pienaar.

Op watter manier kontak Greg die joernalis? Waarom stel die verskyning van die Sondagkoerant vir Greg teleur? Wie ry Greg se planne met die joernalis in die wiele ry en hoe het die persoon dit reggerkry? (4)

13.6 Om die joernalis te laat kom wys dat Greg opstandig is.

Gee nog 'n voorbeeld uit die verhaal om Greg se opstandigheid te bevestig. Dink jy Greg se opstandige optrede pas by sy hoofseunskap? Motiveer jou antwoord deur na die roman te verwys. Gee ook enige positiewe karaktereienskap van Greg. (3)

13.7 "Iets is weg. Iets is uit plek." (reël 18 – 19).
Wat is daardie iets? (1)

**TEKS H**

"Maar hoekom ek?" bars dit uit my uit. "Hoekom nie iemand soos Kwanele, TJ Plank of …"
"Want Greg, hulle het niks met die virus of die vaksine of die tonne geld wat daarmee gemaak kan word, uit te waai nie. En jy het."

"Ek het nie! Wat bedoel jy?"

Echardt bly 'n ruk stil. Die uitdrukking op sy gesig is dié van 'n skaakspeler wat sy opposisie in skaakmat gaan sit. "Jy weet nou dat Dok Pienaar nou die Butch is, Greg. Hy was die ou wat die plan gemaak het vir die virus-scam. Die Baker sal jy nie ken nie. Hy is 'n doktor in Virologie. Dis hy wat die Butcher se plan uitgevoer het en die vaksine ontwikkel het. Maar die Candlestick-maker, Greg, vir hom ken jy goed …" Weer stilte. "Jy sien, Greg, om 'n virus te maak en vir jouself te hou is soos om 'n winkel in 'n donker straat oop te maak. Niemand sal

Kopiereg voorbehou 

daarvan weet as daar nie 'n lig in die straat opgesit word nie. Nie totdat jy die boodskap uitkry by die mense nie … nie totdat jy die media begin gebruik nie…"

Vir 'n oomblik lank hou ek op met asemhaal.

*Dis hoe vrees voel: Vuur blits deur jou lyf, elke senuwee ruk wakker, adrenalien gooi jou gedagtes in snelrat, jou oë sper oop, jou asemhaling hou op …*

"Sien jy nou hoekom dit juis jý moes wees, Greg?"

13.8 Wie is die Candlestick-maker en watter 'n aandeel het hy in die Butcher se plan gehad? Gee laastens die rede waarom hy betrokke geraak het in hierdie plan. (3)

13.9 Watter ooreenkoms is daar tussen Greg se gemoedstoestand in reëls 8 en 9 Teks G en in reël 15 van Teks H? Het jy begrip vir Greg se gevoelens? Motiveer jou antwoord met twee redes. (3)

13.10 Reëls 16 – 17 is 'n herhaling van die inleiding van hierdie verhaal.

Wie se vrees word hier beskryf en waarom het hy hierdie angstigheid ervaar? (2)

13.11 Die slot van die jeugroman hou die moontlikheid in dat Greg en sy pa se verhouding kan verbeter. Motiveer hierdie stelling. (1)

13.12 Tussen watter TWEE vertellersperspektiewe wissel die verteller in die jeugroman. Motiveer waarom die wisseling effektief is. (2)

**TOTAAL AFDELING B: 25**

## AFDELING C: DRAMA

Beantwoord EEN vraag.

**LET WEL:** Beantwoord EEN vraag oor die dramateks wat julle in die klas behandel het.

### VRAAG 14: LITERÊRE OPSTEL

***KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small**

In dié drama is dit duidelik dat Map as karakter ontwikkel het.

Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 400–450 woorde. **[25]**

**OF**

### VRAAG 15: KONTEKSTUELE VRAAG

***KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae.

**TEKS I**

| | |
|---|---|
| CYRIL: | Julle’s darem op julle nerves, jong! |
| RICHIE | *(aan hulle almal):* Los my yt! Wat neuk julle moet my!? *(Hy smyt sy stok neer, en lóóp.)* |
| TOMMY: | Strange ... |
| CYRIL: | Oek nie so strange nie ... |
| TOMMY: | So Richie het allie tyd só ... gevoel oor haar, nè? Well, I never ... |
| CYRIL: | Smaak jy vir speel? |
| TOMMY: | Nei, man, anner keer ... |
| CYRIL: | Maar ek het dan gedink sy gaat oversea ... |
| TOMMY: | Ek oek … Anyway ... Maar ’is seker nie onse biesagheit nie. |
| CYRIL*:* | *(lag)*’Is soes jy sê, ou Tommy ... So ... hulle siet mekaar weer, Blanchie, en Map Jacobs die bastard! |
| | *Die lig verander. Doof uit.* |
| | *Doof in: Blanchie en Map. Blanchie totaal verward en huilend. Op ’n afstand van mekaar.* |
| BLANCHIE*:* | *(bewend)* Dis ... Johnnie ... dis Daddy! Daddy! Jy ... kom ... help. Dis Daddy!! Daddy!! Daddy!! *(Sy skreeu.)* |
| MAP: | *(staar)* Blanchie ... |
| BLANCHIE: | Johnnie! Dis Daddy!! |
| MAP: | *(probeer haar kalmeer)* Hê, Blanchie ... Lyster nou eers ... Blanchie ... |
| BLANCHIE: | *(snik, praat dan)* Daddy! ... Johnnie ... hy word nooit so nie, hy’t nog ... nooit ... nog ... so ... na ... Johnnie ... gekyk nie ... Toe ... loop hy net ... weg ... net ... loop hy net ... |

Kopiereg voorbehou 

*Map sit sy arm om haar, maar asof dit 'n elektriese skok is, ruk sy haar weg.*

15.1 Waarna verwys Cyril in reël 1? (1)

15.2 Watter ironie is in Tommy se onkunde (reël 6–7) te bespeur? (1)

15.3 Herlees reël 10.

Maud en Blanchie is later in konflik oor die modelkontrak. Gee redes wat Maud aanvoer waarom Blanchie nie die kontrak gekry het nie, sê hoe Cavernelis betrek word en wat die gevolg vir die huisgesin is. (4)

15.4 Vergelyk Blanchie se reaksie teenoor Cavernelis (reël 18–19) met haar reaksie teenoor hom toe die brief ontvang is. (2)

15.5 Noem 'n rede waarom Blanchie na Map as Johnnie verwys. Stem jy saam met Blanchie se naamgewing? Motiveer jou antwoord. (3)

15.6 Herlees reël 24–27.

Wat het met Cavernelis gebeur? Gee jou mening oor die gebeure en motiveer jou antwoord. (3)

15.7 Benoem die deel van die dramatiese struktuur waarin Teks I geplaas kan word. (1)

**EN**

**TEKS J**

TOMMY: Manne ... Please, please ...

*Stilte.*

CYRIL: Why? Because jy use vir Blanchie, jy, ou dad. Sy bring mos cash in, cash. Daai's mos al waarin jy interested is, die ... *(Gebaar met sy vingers wat "cash" beteken.)* Jou eie vleis en bloed, en jy use vir haar so ...

CAVERNELIS: *(lê half teen Tommy, huil half)* Ons doen vir julle niks nie, so laat staan vir ons ... *(Hy skreeu nou amper.)* Los vir ons! Laat staan vir ons! Ek werk vir my gesin ...

CYRIL: En Blanchie werk oek ... ek meen, jy lat haar werk, nè, uncle ... En wiet jy hoekô? Dink jy ons wiet nie? Ga! 'Is mos true, nè. Ons het die storie gehoor, en, after all, onse oë is nie in onse agterste nie! Haitie-taities!

CAVERNELIS: *(nou opgewonde)* 'Is nie julle saak nie! 'Is nie julle besigheid nie!

CYRIL: Moenie so panic nie, ou dad. Ons verstaan. Dink jy ons verstaan nie? Jy en die missies *(wys boontoe),*

julle wil vir julle ytkoep hierso yt die township yt. Julle spaar vir ’n plotjie grond en ’n hys, somewhere else. In ’n decent coloured area. *(Beklemtoon “decent”.)* Julle wil hierso yt onse township yt escape. *(Wys na die geboue.)* Right? Djulle fit mos nie in nie, dis nie julle soorte lewe nie! Nie onse types nie! *(Wys na Richie, na Tommy, na homself.) ...* Fair enough! *(Lag.)*

15.8 Herlees reël 3–6.

Noem karaktereienskappe wat ons van Cavernelis uit hierdie reëls kan aflei. (2)

15.9 Watter tipe konflik kom tussen Cavernelis en Cyril voor en op watter wyse word dié konflik opgelos? (2)

15.10 *Ek werk vir my gesin.* (reël 9–10)

Watter TWEE werke doen Cavernelis om sy gesin te onderhou en hoe beïnvloed sy werk sy verhouding met Maud? (3)

15.11 Cyril beklemtoon *decent* in reël 22.

Kan ons aflei dat Cyril ook kan bedoel dat Cavernelis nie *decent* optree nie? Motiveer jou antwoord (1)

15.12 *Julle wil hierso yt onse township yt escape.*

Watter tema van die drama kan jy uit dié woorde aflei? (1)

15.13 Wat is die funksie van die neweteks in reël 25? (1)
**[25]**

**OF**

***MIS* – Reza de Wet**

Beantwoord ÓF VRAAG 14 (opstelvraag) ÓF VRAAG 15 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 16: *MIS* – OPSTELVRAAG**

Die ruimte en tyd in die drama, ***Mis***, het ’n invloed op die drie vrouekarakters en Gabriël.

Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 400–450 woorde. **[25]**

**VRAAG 17: *MIS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS K**

KONSTABEL: Waar is u nou, Juffrou?

MEISIE: *(besig om te loer. Opgewonde)* Hier, by die venster, Ek kyk na die groot tent en al die liggies!

Kopiereg voorbehou

KONSTABEL: Die sirkus.

MEISIE: Ja. (*Draai na die KONSTABEL. Skielik vreesbevange)* Moet tog nie vir my ma sê nie, asseblief.

KONSTABEL: Ek sal nie.

MEISIE: Belowe. Belowe eers.

KONSTABEL: Ek belowe.

MEISIE: (*duidelik verlig)* En ek sal nie weer kyk nie. Regtig nie.

KONSTABEL: Ek gee nie om nie. Ek hou ook van die sirkus.

MEISIE: (*opgewonde)* Het u dit al gesien? *(Skielik skaam)* Ek...is jammer.

KONSTABEL (*lag)* Nee. Maar ek sou wat wou gee. En jy...Margareta? Het jy?

MEISIE: Ja. *(Bang)* Maar ek mag nie daarvan praat nie.

KONSTABEL: (*sag)* Maar jy het dit gesien?

MEISIE: (*sag en vinnig)* Ja.

KONSTABEL: Vertel vir my.

MEISIE: Nee! Ek mag nie daaroor praat nie. Ek mag nie daaraan dink nie. Om te dink, is om te doen.

KONSTABEL: *(byna verleidelik)* Maar jy kan tog vir my sê. Net een keer. Ek is ‘n vreemdeling. En blind.

MEISIE: *(onseker)* Ek weet nie ...

KONSTABEL: *(fluister)* Niemand sal ooit weet nie.

MEISIE: Nou goed, ek sal vir u vertel en dan sal ek daarvan vergeet.

17.1 Wat het daartoe aanleiding gegee dat Meisie en die konstabel alleen is? Stem hierdie gebeure ooreen met Miem se karakter? Motiveerjou antwoord. (2)

17.2 Herlees reël 12.

Identifiseer die “dit” waarna Meisie in dié vraag verwys. (1)

17.3 Herlees reël 2 – 22.

Die neweteks in dié reëls karakteriseer Meisie.

Motiveer die stelling deur na DRIE karaktereienskappe van Meisie wat uit dié reëls blyk, te verwys. Watter karaktereienskap van Meisie uit dié reëls sal Konstabel moontlik kon uitbuit om haar te manipuleer? Motiveer jou antwoord. (4)

17.4 Die sirkusverhaal wat Meisie in reël 25 vertel, betrek die hooftema in die drama.

Wat is dié hooftema? Hoe sluit die sirkusverhaal by die tema aan? Watter TWEE aanduidings in die sirkusverhaal is ’n vooruitskouing van Meisie se lot in die slot van die drama? (4)

17.5 Watter innerlike konflik ervaar Meisie in die uittreksel? (1)

**EN**

**TEKS L**

KONSTABEL: My ma en pa hou elk ’n skerf gerookte glas vas. My ma kyk na my. Haar hare waai oor haar gesig. Net een oog steek uit. “Gaan kombuis toe en kry vir jou ook glas,” sê sy met haar mond vol hare. Ek gaan kombuis toe. Ek dink miskien help die glas vir die wind. In die kombuis kook tant Hannie moerbeikonfyt. Haar vingers is rooi van die moerbeie. Sy suig haar voorvinger en vee die ander aan ’n witdoek af. Sy gee vir my ’n lang, skerp stuk gerookte glas. “Hou dit tussen jou duim en jou voorvinger vas,” sê sy. Sy vra nog waar my broer is, toe staan hy in die deur. Sy gee vir hom ook glas. Sy hurk en maak haar arms oop. Ons staan nader. “Weet julle dan nie?” fluister sy en lag. “Die sonsverduistering. Dis amper hier. Die gerookte glas is om deur te kyk. Anders is die son te skerp. As julle mooi kyk, sal julle sien ...” Die wind druis in ons ore. In die agtertuin skel die hoenders en waai teen die draad vas en die kwepers val soos hael. In die voortuin vlieg die blomme weg.

*******************************

GERTIE: En hoe maak u nou weer die keuse? Ek bedoel tussen u Moeder en tant Hannie, as ek haar so mag noem?

KONSTABEL: Sekerlik, Juffrou. Dit is die stem. Dit hang alles van die stem af.

GERTIE: Werklik? Hoe interessant. *(Kort stilte)* Sal u my asseblief tog so ’n ietsie van hierdie tant Hannie vertel?

KONSTABEL: Sy is nooit getroud nie. Sy was beeldskoon, maar veels te

Kopiereg voorbehou

| | |
|---|---|
| | kieskeurig. Sy was veral bekend vir haar hare. Lang, goue, golwende hare. |
| GERTIE: | *(raak aan haar yl haartjies)* Merkwaardig! Dit is presies hoe my hare lyk. |
| KONSTABEL: | *(bly)* Werklik? |
| GERTIE: | Ja. Net so! *(Kort stilte)* Vertel nog. Asseblief. |
| KONSTABEL: | Sy was lank en slank ... en soepel. |
| GERTIE: | *(byna skril van opgewondenheid)* Net soos ek! Dis al die oefening. Dit hou my fiks! |
| KONSTABEL: | Ek het baie gekyk hoe die grootmense dans. En sy kon dans. Niemand kon soos sy dans nie. |
| GERTIE: | *(baie opgewonde)* Net so! *(Spring op)* Ek is die voorste danser in ons kontrei. |
| | *Terwyl die KONSTABEL verder praat, voer GERTIE dromerig die bewegings uit wat hy beskryf.* |

17.6 Herlees reël 10.

Aan watter ander verskyning vroeër in die drama herinner dié verskyning? Is hierdie ander verskyning noodsaaklik vir die verloop van die drama? Motiveer jou antwoord. (2)

17.7 Waarom is die sonsverduistering ook ’n verwysing na die blindheid van die vroue? (1)

17.8 Herlees reël 5 en 14 – 17.

Noem die stemming wat deur dié verwysings na die wind geskep word. Hoekom pas dié stemming by die res van die drama? (2)

17.9 Herlees reëls 18 – 19.

Watter karaktereienskap bevestig se woorde van haar? Waarom kan dié karaktereienskap tot haar voordeel strek? (2)

17.10 Herlees reëls 29 – 30.

Wat suggereer Konstabel met sy antwoord in reël 29? Wat is na jou mening die rede vir die ‘n kort stilte wat volg na Gertie se woorde in reël 30? (2)

17.11 Herlees reëls 36 – 37.

Kopiereg voorbehou 

Hierdie is die derde leuen wat Gertie in Teks L vertel. Noem nog EEN ander leuen wat sy later in die drama vertel het toe Miem kom nagsê het. (1)

17.12 Watter funksie verrig Miem se huis aan die begin van die drama vir Gertie? Waarom kan dié huis as ’n skynbare teenstrydigheid (paradoks) in die bevryding van Gertie gesien word? Is daar ’n ooreenkoms tussen Gertie se ervaring in Teks J met Meisie in teks I? Motiveer jou antwoord. (3)

**TOTAAL AFDELING C: [25]**

**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou